REDAKSIES

ADMINISTRASIE

Redaksioneel

Geld

'Hy wat getrou is in die minste, is ook in die grote getrou;'
Luk. 16:10

Geld kan die lewe mooi maak sodat 'n mens ook van alles kan geniet. En as jy nie geld het nie? Kan jy nie geniet nie?

Jesus leer ons om geld in 'n beter perspektief te sien. Die geld wat Jesus aan jou toevertrou, sien Jesus as klein en min in vergelyking met eendag op die nuwe aarde. By God is die koers van geld nog nooit hoog nie. Daarom mag dit ook nie ons lewe oorheers nie. Nee, dit moet 'n beskeie plek in ons lewe met die Here inneem. Maar tog is dit belangrik vir die Here om te sien hoe ons met nietige geld omgaan…
As julle dan nie getrou was in die onregverdige Mammon nie, wie sal julle die ware goed toevertrou?
As julle dan nie getrou was in 'n ander se goed nie, wie sal aan julle jul eie gee?
Luk. 16:33,34

Ja, God voorsien ons met geld om ook te sien hoe ons rentmeesters is in Sy Koninkryk en ons reg te leer om oor geld te heers. Gebruik ons dit as 'n geskenk van die Here? Deel ons dit graag met ander soos onse Vader dit ook vir ons uitdeel?

Vir hierdie uitgawe het paar jeuglede gaan ondersoek instel oor 'Geld'. Omdat dit so 'n magtige trekkrag in ons samelewing is moet ons tog daarvoor waak dat dit nie ons lewe begin oorheers nie.

Die tyd stap al weer aan en die jaarlikse kongres is ook al in sig. Namens die Olielamp wil ons hulle ook sterkte toewens met alle voorbereidings.

Geniet die Geld uitgawe want die waarde van die Olielamp is met geen geld te betaal nie!

Namens die Pretoria-Maranata Redaksie
Linda de Vente

IN HIERDIE UITGAWE

Redaksioneel 2
Uit die Woord 3
Jy kan nie God en Mammon dien nie (Matt. 6:24) 3
Materialisme 5
Oppad 6
Simplicity regained – net soos dit is 6
Godsdiens – 'n nuwe era (I) 8
Wees tevrede met wat God vir jou gee!! . 9
Evolution cannot, but our LORD Father can! 10
Voel jy ook so? 11
Hart gerig op... 11
Nog iets 12
Augustinus: Kerkvader, Filosoof..... 12
Voetspore 13
Deur die sleutelgat 14

VOLGENDE UITGAWE

Sperdatum vir die volgende uitgawe is

DV 15 Oktober 2006

Uit die Woord

Jy kan nie God en Mammon dien nie (Matt. 6:24)

Janneke de Jager

Geld is mag! Met geld kan ons alles in die wêreld bereik. Ons kan alles koop wat ons harte begeer. Met geld sal ons volkome gelukkig wees.

Is dit nie die groot tema van ons daaglikse lewe in die 21 ste eeu nie? Die hele mensdom is daagliks besig om hierdie tema na te jaag. Almal wil graag deur ander raakgesien word op grond van hul materiële rykdom en uiterlike weelde. Nou dink u heelwaarskynlik dit is slegs die wêreldse mense wat hierdie tema die hoofdoel van hulle lewe maak. Ons as Gereformeerdes stel ons vertroue in God en dien Hom soos wat Hy dit van ons vra. Maar PASOP! As ons so dink sien ons dikwels nie die sondes in ons eie lewe raak nie. Hoe dikwels is ons nie geneig om God te dien, maar ook die materiële dinge in die lewe na te jaag nie?

Christus waarsku ons duidelik hierteen in die bergpredikasie (Matthéüs 6). In hierdie gedeelte van die bergpredikasie dui Christus aan hoe belangrik dit vir die mens is om homself volledig aan God se heerskappy en trou oor te gee. In vers 24 waarsku Hy die mense wat aan die

KONGRES 19 - 23 DES

Stilstaan

Die oond

God is die Pottebakker, ons is die klei. Hy berei die klei voor, vorm elke stuk op 'n unieke manier om 'n voorwerp te maak vir Sy eie gebruik. Hy plaas die gevormde klei in die oond, steek die vuur aan en laat dit bak. Dit is hierdie oondondervindinge wat vir ons so moeilik is. Dit is daar in die oond dat ons dink dat God weg is, dat Hy nie meer omgee nie, dat 'n God wat dit aan iemand doen, nie 'n God van liefde kan wees nie. Tog weet die Meester Pottebakker dat geen stuk klei enigiets werd is sonder dat dit in die oond gebak is nie. En ons moet onthou dat verskillende tipes klei by verskillende temperature gebak word. Dit help nie om jammer te wees vir die klei en die oond nie so warm te maak nie.

Laat ons nie God se handelinge met ons in twyfel trek en bevraagteken nie. God "bak" en vorm reeds vir eeue Sy dissipels, en Hy maak nie 'n fout nie. Al verstaan óns nie die pad wat God met ons loop nie, moet ons onthou dat daar Een is wat weet wat Hy doen, en dit is vir ons genoeg.

Dit is die ander pad.

aardse en die Goddelike verbonde wil wees. Hy maak duidelik dat geen mens twee here kan dien nie, want hy sal die een aanhang en die ander verag. So maak Hy aan die skare duidelik, dat hulle nie God en Mammon kan dien nie.

God maak regdeur Sy Woord duidelik dat ons vír Hom of téén Hom moet kies, daar is geen grys area of tussenweg nie. Ons kan nie God by tye opsy skuif as ons bv. besig is met onderhandelings by ons werkplek of ander se besittings begeer nie. Ons moet gedurig, met elke besluit en gedagte God se wil vooropstel, want Hy is immers die Gewer van alle dinge op aarde - ook van die materiële. Daarom moet ons juis dankbaar wees met dit wat Hy aan ons toevertrou het. Wanneer ons baie uit sy hand ontvang het moet ons ook uitdeel aan die wat minder ontvang het. Maar as ons weer minder ontvang het moet ons nie in afguns kyk na die wat meer ontvang het nie en in dankbaarheid die gawes aanneem wat God deur Sy goedheid aan die armes d.m.v. diakonale sorg bied. So kom Hy elkeen in sy nood te hulp. Daarom sê Hy ook in vers 25 so pragtig dat niemand hul hoef te bekommer oor wat hulle sal eet of wat hulle sal aantrek nie, want die menslike kwelling is vrugteloos. God bied altyd uitkoms as ons, ons vertroue op Hom alleen stel.

Daarom is die mens wat hul kwel oor geld en die materiële en slegs daarop gefokus is, soos die heidene wat hul afgode aanbid, maar uit ervaring weet dat hul nie sal sorg nie. Sien ons dit ook nie baie duidelik in vandag se lewe nie? Baie mense wat Mammon hul afgod maak is nie werklik gelukkig nie en kry geen antwoorde op die belangrike vrae in hul lewe nie. Slegs die wat hul vertroue in Christus stel ervaar alreeds die vreugde wat daar in Christus is in hierdie lewe en sal dit ook in die ewige lewe ervaar.

Stel dus alleen jou vertroue in God en dan sal dit wat vir liggaam en siel nodig is vir jou bygevoeg word.

Materialisme

Wietske Eefting

Elke dag as ons die *Onse Vader* bid, vra ons "en gee ons ons daaglikse brood". Die vraag is: besef ons wat ons daar bid? Besef ons dat daardie frase impliseer dat ons alles van God verwag en dat ons op Hom vertrou om vir ons te sorg in al ons nood? En sien ons nog raak dat ons vir ons "daaglikse brood" vra en nie vir "alles wat ons hart begeer" nie? Beteken dit ons mag nie meer vra en besit as bloot ons daaglikse brood nie? Nee, ons mag alles van God vra en van Hom verwag, solank ons dit net van Hom verwag en nie op eie werwingskrag staatmaak nie. Ook moet ons Hom in die middelpunt van ons lewe stel en nie dit wat ons besit nie.

Materialisme bestaan waar God uit die middelpunt van ons lewe verdwyn en ons in die plek van Hom besittings gaan plaas. Dit beteken jou besittings raak vir jou belangriker as jou God. Jou lewe begin draai om hoeveel jy besit en hoe jy nog meer in die hande kan kry. Jou riglyn van lewe raak aards: hoe baie jou vriende besit en hoe jy kan tred hou met die laaste modes en statussimbole. Jy gebruik nie meer die Bybel as die riglyn van jou lewe nie, maar vergelyk jouself eerder met wêreldse norme en waardes. Dit gaan nie meer vir jou oor hoe om met jou gawes, wat jy van God ontvang het, God te dien en eer nie.

Moet ons nie eerder saam met Job uitroep: "Naak het ek uit my moeder se skoot gekom en naak sal ek daarheen terugkeer. Die Here het gegee en die Here het geneem; die Naam van die Here sy geloof", nie? (Job 1:21). Job het alles gehad wat sy hart maar kon begeer, maar hy het ingesien Wie dit aan hom gegee het. Hy het ook ingesien dat die mens wik, maar God beskik en dat alles van Hom uitgaan, maar ook na Hom toe kan terugkeer. Job het al sy rykdom onverdiend van God ontvang en het geen reg daarop gehad omdat hy so mooi voor God geleef het nie. God is soos die werkgewer in die gelykenis van die dagloners: Hy hoef nie aan ons te verklaar hoe en hoekom Hy sy goed verdeel soos wat Hy dit doen nie. Dit is immers alles Syne.

Mense gebruik graag die teks van die ryk jong man in Markus om te beweer dat ryk mense nie die koningryk kan binnegaan nie, want daar staan dat dit moeiliker is vir 'n kameel om deur die oog van die naald te gaan as om die koninkryk te beërwe. Hulle lees egter nie vers 23 en 24 nie, waar Christus sê: "Kinders, hoe swaar is dit vir die wat op hulle goed vertrou, om in die koninkryk van God in te gaan!" (Mark. 10:23 en 24). Hy herhaal dit tot twee keer toe. Dit gaan dus nie oor die feit dat jy ryk is en baie van God ontvang het nie, maar dat jy op jou goed vertrou.

Verder in die hoofstuk sê Hy: "Voorwaar ek sê vir julle daar is niemand wat huis of broers of susters of vader of moeder of vrou of kinders of grond terwille van My en die evangelie verlaat het nie of hy ontvang nou in hierdie tyd honderd maal soveel." (Mark. 10:29 en 30a). Dit gaan dus nie oor die rykdomme in aardse besittings nie, maar die rykdom in Christus! In die Bybel staan daar immers geskrywe: Moenie vir julle skatte bymekaar maak op die aarde, waar mot en roes verniel… nie; maar maak vir julle skatte bymekaar in die hemel, waar geen mot of roes verniel nie... want waar julle skat is, daar sal julle hart ook wees." (Matt. 6:19-21)

KONGRES 19 - 23 DES

As ons geseënd is met baie aardse besittings en rykdom, het ons dit verder ook nie net vir onsself gekry nie, maar om ook aan die armes uit te deel en te help. Soos dit staan in Hand. 4:34, 35: "Want niemand onder hulle was behoeftig nie; want almal wat besitters van gronde of huise was, het dit verkoop en die prys van wat verkoop is, gebring en aan die voete van die apostels neergelê. En aan elkeen is uitgedeel volgens wat hy nodig gehad het."

Ons moet elke dag ons seëninge tel en God dank vir wat ons het. Miskien kan jy nie 'n duur motor bekostig nie, maar tenminste het jy elke dag 'n bord kos voor jou. Ons is almal ryk op ons eie manier en ons moet onthou dat rykdom ons nie die ewige lewe gaan gee nie maar wel God, as ons op Hom vertrou. God het ons almal gemaak, armes en rykes en Hy het ons almal lief (Spr. 22:2). Daardeur kan ons sien jy hoef nie op materialistiese goed staat te maak om jou aan die lewe te hou nie, solank jy op God vertrou kan jy weet God sal vir jou sorg.

Soos die vers uit Job hierbo sê: "met niks is ons gebore en met niks sal ons terugkeer." Dit is dus duidelik dat al die goed wat ons hier op aarde versamel van geen nut sal wees as ons eendag in die hemel is nie. Nou hoekom is aardse goed vir ons so belangrik? Dit is mos net tydelik?

Oppad

Simplicity regained – net soos dit is

Mariëtte Bron

Geskryf na aanleiding van 'n baie waar artikel in die Readers Digest, Mei 2004.

Altyd haastig, dikwels laat, nooit rêrig bevredig nie? Klink dit bekend?

Die tyd vlieg verby, voor jy jou oë kan uitvee, is daar weer 'n dag verby… Jy wou eintlik nog baie meer gedoen het, maar kon nie alles inpas nie. Die kans om die belangrike dinge om jou – God se skepping, jou familie, vriende en dierbares, raak te sien en te waardeer word al hoe meer op die tweede plek, selfs op die laaste plek geskuif. Ons draf die dag deur, langs mense verby, langs dit wat God so mooi gemaak het. Dit laat ons *nodig* voel, *belangrik*, maar nie noodwendig *tevrede* nie.

Om 'n eenvoudiger lewe te lei, is 'n filosofie. Soos wat Duane Elgin sê: "*To live more simply is to unburden our lives…*"

Dit skep meer direkte, op die man af, ongekompliseerde verhoudings met alle aspekte van ons lewens: die dinge wat ons gebruik en verbruik, die werk wat ons doen en ons verhoudings met ander. Dit skep ook meer ruimte en tyd om om ons heen te kyk na God se mooi skepping, om dit te leer waardeer. Bowenal sal ons dan meer tyd met Hom kan spandeer.

Dit is 'n manier van lewe wat uiterlik meer eenvoudig is, maar innerlik baie ryker. Vir sommige mense beteken dit om hulle eie voedsel te kweek, of om minder te werk en bietjie ekstra tyd te spandeer aan jou geestelike ontwikkeling.

Dit is 'n *opsetlike* vermindering van materiële besittings, 'n manier om die lewe meer bewus, minder gejaagd en met meer waardering te leef – die teenoorgestelde van die doel wat sommige

KONGRES 19 - 23 DES

mense het, om hulle *merk* te maak in hierdie lewe deur middel van wêreldse rykdom en status.

Hierdie artikel het 'n hele paar mense se reaksies uitgelok; ek wil graag 'n paar van hierdie reaksies met julle deel.

Laurel:
Ek glo dat ons gedryf word deur iets om die rykste, oulikste, belangrikste, mees geleerde, gesondste, ens. mense te wees. Ons streef nie alleen vir onsself nie, maar ons wil ook ons kinders saamneem in hierdie maling. Hierdie strewe veroorsaak so baie stres dat terapeute ons moet help om met hierdie gevoelens om te gaan.

Dit kan help as ons elke dag tyd eenkant sit vir skool en werk, en die aande vry hou vir familie of vriende. Tyd saam spandeer om die daaglikse stres van skool en werk saam af te pak.
Die beste en die grootste ding wat ons vir onsself kan doen is om God 'n plek in ons daaglikse lewe te gee. Hy het ons geskep, Hy ken al ons behoeftes. Met wie kan 'n mens dan eerder tyd wil spandeer?

Caroline:
Die gerieflikheid in die daaglikse lewe maak juis die lewe so ingewikkeld. Dis baie makliker om 'n debietkaart rond te dra, as wat jy moet seker maak dat jy genoeg geld op sak het om dit te doen wat jy wil doen. Dit is makliker om kinders te oortuig om aan allerhande sportsoorte deel te neem, as om hulle te oortuig dat hulle hul verbeelding moet gebruik in die agtertuin…

Dis makliker om 'n selfoon oral heen te neem – jy kan enigiemand, enige tyd bel, net soos wat dit jou pas.
Dit is gerieflik om gekompliseerd te wees, dit het minder beplanning nodig.

Ek probeer dinge by my Outistiese seun te leer. Hy verstaan nie hoe die wêreld werk nie, maar hy verstaan eenvoudigheid. Belangrikste van alles, hy het my geleer dat dit oké is om myself te wees, dit is oké om foute te maak, en dis oké om jou te verwonder oor iets kleins soos 'n torretjie wat op 'n blaartjie dryf te midde van die groot stortbui.

Ek probeer om dit in gedagte te hou, met my beursie, debietkaart en selfoon in die ander hand…

Maar ek probeer om meer dikwels hierdie dinge by die huis te los, sodat ek meer tyd kan neem om die mooi dinge in die lewe te kan raaksien.

Ene Anoniem gee ook sy mening:
Die lewe is 'n geskenk. Laat die mense wat dink hulle geluk lê in stoflike dinge, dit hulle strewe maak… hulle noem dit "'n gejaag agter die wind aan." Ja, ons het almal genoeg geld nodig om die rekeninge te betaal, maar hierdie rekeninge kan heel waarskynlik ook baie kleiner wees… Vereenvoudig!

BESITTINGS kan nie 'n doel gee aan ons lewe nie.

Geld kan nie geluk koop nie.

Tevredenheid kan alleen sy oorsprong vind in die wete dat God ons hier op aarde geplaas het met 'n vooruitbeplande doel…

Ek gaan mal oor die Becel advertensie: "stop and smell the roses".
Probeer dit bietjie…
Lê op die strand (*of agter in jou tuin…*) in die son, luister na die voëltjies wat klets… ruik 'n roos… lê op jou rug en kyk na die sterre…
Vra vir enigiemand wat amper by die dood omgedraai het hoe kosbaar lewe is en hoe dit hulle denke oor die lewe verander het… hulle het sekerlik al agtergekom dat dit nutteloos is om agter die wind aan te hardloop…

Diana:
Wat dryf ons om ons lewe so ingewikkeld te maak?

Die permanente strewe na innerlike rus, geluk en tevredenheid met jouself en verhoudings met dierbares; ons glo en hoop dat hierdie ding die leegte sal vul. Die resultaat kan wees dat mens net werk met die doel om bymekaar te maak, of die gedwonge behoefte hê om dinge te doen met geen groter rede nie, as om net 'besig' te wees, omdat ons dink dat ons op so 'n manier meer aanvaarbaar is vir die samelewing, of dat ons dit selfs as verskoning gebruik om ander verantwoordelikhede in verhoudings te ontduik, omdat ons nie eintlik weet hoe om dit te hanteer nie.

KONGRES 19 - 23 DES

Om meer tyd te maak om MENSE eerder 'n prioriteit te maak as DINGE, sal die lewe baie vereenvoudig. Dit sal ook baie help as ons klein mensies net wil erken dat God ons in Sy hande hou, *Hy bestuur ons lewens*, al wil ons dit hoe graag self doen.
Hoe kan ek alles onder beheer hou? Hoekom is dit nodig om beheer te hê oor enigiets??

In vandag se samelewing staan die mens in die middelpunt. Dit wil voorkom of die mens met die hef in sy eie hand staan. Maar, God hou elkeen van ons in Sy hand, Hy bepaal wat, hoe en waar dinge sal gebeur. Sonder die Here is al ons menslike inspanninge en beplannings niks werd nie. Sonder God het ons geen asem nie, geen lewe nie. Aan God alleen die eer!

In Psalm 127 vers 2 staan: Tevergeefs… Jy kan dag en nag besig wees sonder rus, maar as God nie Sy seën gee nie, is dit alles net 'n gemors van tyd.
God WIL vir ons sorg, Hy wil ons betrokke hê, maar die uiteindelike verantwoordelikheid hoef ons nie self te dra nie. Ons mag ons daaglikse lewe aan Hom opdra.

Ons het so baie ontvang om God dankbaar voor te wees, maar ons is geneig om by dit wat Hy so mooi gemaak het, verby te lewe…
Sien en erken ons nie te min dat God in beheer is nie?
Hy wil ingesluit word in die beplanning van ons daaglikse lewe…
Is dit nie miskien tyd om 'n stappie agteruit te neem, sodat ons ons lewe in oënskou kan neem nie?

Bronne: Readers Digest, Mei 2004.
Nota's van 'n preek oor Psalm 127 deur Ds. Kleyn.

Godsdiens – 'n nuwe era (I)

Oom Hilko

"..want daar sal 'n tyd wees wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie,
maar, omdat hulle in hul gehoor gestreel wil wees,
vir hulle 'n menigte leraars sal versamel volgens hulle **eie begeerlikhede**,
en die oor sal afkeer van die waarheid en hulle sal wend tot fabels. (2 Tim. 4:3-4)

Volgens statistieke is Amerika 'n baie godsdienstige land. In 'n opname wat deur die tydskrif Newsweek gedoen is, bid 85% van alle Amerikaners vir die gesondheid en sukses. 75% bid vir krag om persoonlike swakhede te oorwin. 87% glo dat God gebede beantwoord. En so is daar nog meer positiewe statistieke. Maar aan die ander kant toon die statistieke oor kerklidmaatskap en veral kerkbywoning 'n heeltemal ander prentjie. Hier is die statistieke beroerend laag. Hoe kan dit wees?

Ons weet almal in Suid-Afrika is die prentjie nie anders nie, al het ons nie direkte statistieke nie. Onlangs was daar 'n berig oor die radio en in die koerante wat die volgende sê: "Baie Suid-Afrikaners glo dat hulle nie meer lid van 'n kerk hoef te wees om gehoorsaam te wees aan God nie. Geloof gaan oor 'n persoonlike verhouding met God. Dit hoef jy nie noodwendig in 'n kerk te beoefen nie. Trouens dit kan jou dalk juis hinder in jou persoonlike verhouding met God." Daar is 'n toenemende neiging om kerkbywoning en geestelikheid as twee verskillende sake te beskou, met spiritualiteit as 'n baie persoonlike aangeleentheid.

Waar kom hierdie nuwe neiging vandaan? Die afgelope eeu van wetenskap en tegniek het sy hoop op die rasionele en beredeneerbare gestel. In die nuwe "New Age" era waarin ons beweeg, word die bo-natuurlike en geestelike weer waardeer. Maar nou nie meer in die vorm van die tradisionele kerke nie. Dit is veral die Oosterse mistieke godsdienste wat in is. Dit het ook sy effek op die christelike kerke. Soms vind

KONGRES 19 - 23 DES

hierdie invloed ongemerk en onbewus plaas. Ek dink die opkoms van die charismatiese beweging in baie kerke vind so plaas.

Maar sommige kerke pas hulle doelbewus aan by die nuwe giere. Hulle het hulle marknavorsing gedoen. Lidmaatskap is nie meer noodwendig nodig nie. Die behoeftes van hulle "kliënte" moet bevredig word. Jy gaan na 'n restaurant om jou behoefte aan kos te bevredig. So gaan jy na die kerk wanneer jy behoefte aan geestelike 'kos' of -belewing het. Dit is duidelik dat die mens en sy eie behoefte (begeerlikhede) in hierdie geval sentraal staan. Die mens word sy eie afgod.

Ons sal moet wakker wees vir hierdie invloede. Jy kan nie in 'n samelewing leef sonder om daardeur beïnvloed te word nie. In baie gevalle lyk hierdie spiritualiteit net soos ons eie geloofsbelewing, maar in werklikheid word die weë van die Here verlaat.

"En die insettinge en die verordeninge en die wet en die gebod wat Hy julle voorgeskrywe het, moet julle altyd sorgvuldig onderhou, maar ander gode mag julle nie vrees nie. En ***die verbond wat Ek met julle gesluit het, mag julle nie vergeet nie****, en julle mag ander gode nie vrees nie. Maar die HERE julle God moet julle vrees, en Hy sal julle verlos uit die hand van al julle vyande."* (2 Kon. 17:36b–39)

Wees tevrede met wat God vir jou gee!!

Chris-Jan van Alten

As ons die tiende gebod lees kan ons sien dat die Here wil hê dat ons tevrede moet wees met wat ons het en wie ons is. 'n Verkeerde verlange is om altyd meer te wil hê of om iemand te wees wie ons nie is nie. Die Here vra daarvoor aandag as Hy praat van: jou naaste se huis, sy vrou, sy dienskneg, sy diensmaagd, sy os of sy esel. Dit gaan hier oor dinge in die daaglikse lewe van die Israeliete en ook in ons lewe as jeug in Suid Afrika. Die Here waarsku



hier om nie ontevrede te wees met die talente wat vir jou gegee is nie. Om nie ontevrede te wees met die besitting wat jy uit Sy hand uit ontvang het nie. 'n Mens wat jaloersheid 'n vaste plek in sy lewe gee word ontevrede. Hierdie mens versuur sy eie lewe. Sy jaloersheid, sy ontevredenheid maak die deur na groter sondes in sy lewe oop.

In Korinthiërs 12:29 en 30 staan daar: *Almal is tog nie apostels nie, almal is tog nie profete nie, almal is tog nie leraars nie, almal is tog nie kragte nie? Het almal genadegawes van gesondmaking, spreek almal in tale, kan almal dit uitlê? Maar beywer julle met die oog op die beste gawes; en ek wys julle 'n nog uitnemender weg.* Hiermee word bedoel dat ons elkeen verskillende gawes gekry, hetsy in die kerk of in ons daaglike lewe. Die Here vra van ons om die gawe getrou te beoefen tot Sy eer. Alleen op dié wyse kan die liggaam, gemeente normaal en goed funksioneer as 'n eenheid. Ons moet onthou dat selfs bo die beste talente en gawes is daar iets hoër: die weg van die liefde.

Volgens Romeine 12:3-8 het elkeen 'n deel, nie een mens het alles nie. So het elkeen sy deel ook in die Kerk van Christus, almal is nodig en is daar geen rede vir die een om hom te verhef bo die ander nie. Talente is vir sommige gegee om ampsdraers te wees en ander om as vader in die huisgesin op te tree.

Een van die wonderlikste gedagtes in die Bybel is die openbaring dat God elkeen van ons persoonlik ken en dat ons dag en nag in sy gedagtes is. Daar is eenvoudig geen manier om die volle implikasies van hierdie liefde van die Koning van alle konings en die Here van alle

KONGRES 19 - 23 DES

here te begryp nie. Hy is almagtig en alwetend, verhewe en heilig, van ewigheid tot ewigheid. Waarom gee Hy vir ons om – bekommer Hy Hom oor ons behoeftes, ons welsyn, ons vrese? Sy besorgdheid oor ons nietige sterflinge is die onverklaarbaarste van alles. Dan begin 'n mens wonder, het ons dan enigsins nodig om ons te bekommer oor onbenullighede soos jaloesie? Kom ons gebruik ons talente om die Here te dien en dankbaar daarvoor te wees.

Die tiende gebod spreek die innerlike impulse van die menslike hart aan – die emosies. Daar is sekere dinge wat my hande nie doen nie, maar wat wel in my hart is. Daar is dinge wat in my lewe plaasvind wat verkeerd is, maar waarvoor niemand my werklik voor die hof kan daag nie – byvoorbeeld jaloesie of haatdraendheid.
Soms kan mense by die letter van die wet hou en tog verkeerd optree. Hierdie verborge impulse is nie altyd maklik om te definieer nie, dus beheer God dit deur aan ons hierdie wet te gee. Dit is van toepassing op ons gevoelens sowel as ons dade.

Bronne:
Die uitdaging van die lewe – Frank Retief
God se goeie wet – Rob Visser
Bestaan jy of leef jy – Annemarie le Roux
Wanneer God nie sin maak nie – James Dobson

Evolution cannot, but our LORD Father can!

Pauline Seijdlitz

One bacterium has small hairs twisted in a stiff spiral at one end of the creature. Upon closer examination, scientists were totally amazed to discover that this bacterium has a rotary engine! It spins this corkscrew like the propeller of a ship, driving itself forward through water. It can even reverse the engine! Researchers still do not understand how it is able to whirl the mechanism. Using this method of locomotion, it is able to attain speeds which would, if it were our size, propel it forward at 30 miles (48 km) per hour. Commenting on this, Leo Janos in *Smithsonian* said that "nature invented the wheel." Another researcher, Helmut Tributsch, declared: "One of the most fantastic concepts in biology has come true: Nature has indeed produced a rotary engine, complete with coupling, rotating axle, bearings, and rotating power transmission."

Spiders go higher up in the sky than any other living creature on our planet. Here is how it is done. When the baby spider is hatched, he just crawls up to a high point. It may be a grass stem or the side of a tree trunk, or a leaf on a plant. Then he upends – and off he goes! Even though only a day old, he knows exactly what to do. Instead of a tail, the spider has a spinneret. Lifting it up in the air, he begins spinning his fine thread which catches in the wind and carries it away as the baby keeps reeling it out. Soon enough thread (about 9 feet [2.7m]) is in the air, and the baby is lifted off its feet and goes sailing! This thread is actually a liquid which immediately harden when the air touches it. For its size, the thread is stronger than steel, and can stretch without breaking. Where did the baby learn this? Not from his mother. As soon as he becomes airborne, the little fellow climbs up on the silk line and walks on that fluttering thing as it is flying high! How he can do this and not fall off is a mystery. But he quickly becomes master of the airship. Arriving about halfway along the line, he pulls on it, tugs it here and there, and reels it underneath him. In this way, the line now becomes a rudder which he uses to steer up or down! Where did a one-day old spider, with a brain one-thousandth as large as a pin-head, get such excellent flying instruction? Soon he lands on something, but generally only long enough to prepare for another flight, and off he goes again. Scientists in airplanes have found baby spiders 16000 feet [4876m] up in the air! That is 3 miles [4.8km] high! Eventually the tiny creature will land. It may be several miles down the road, in a neighbouring state, or on an island far out at sea. Spiders are the first creatures to inhabit new volcanic islands.

KONGRES 19 - 23 DES

Also consider the following:
DL ¾ art 1-4
Sondag 9 en 10
Sondag 3 V&A 6
NGB art 12, 13

Be amazed at the complexity, beauty and indisputable ***design*** in everything around you. A great webpage to visit if you want to know more is: evolution-facts.org

All the examples of "Evolution Could Not Do This" are taken from *"The Evolution Cruncher", by Vance Ferrell.* This book is the condensed version of the website above and both can be reproduced without permission.

Voel jy ook so?

Hart gerig op...

Wilna Kerkhoff

In ons lewe vergeet ons so vinnig vir wie ons regtig alles doen en waarvoor ons op aarde geplaas is. Ons is bang vir die wederkoms! Ons wil nog mylpale bereik in ons lewens en ons wil nog baie dinge beleef en verskillende emosies ervaar. Ons eie belange word onopgemerk gevolg.

Dis goed om voluit te lewe! Ons het die lewe as geskenk gekry en ons mag al ons gawes tot eer van God ten volle gebruik en altyd ons beste gee! Dis so maklik om nie te waardeer wat 'n mens het nie, nie al jou krag en deursettingsvermoë vir 'n sekere taak te gebruik nie. Ons is so vasgevang in ons eie moderne wêreld dat ons soms nie agterkom dat geld nie alles kan regmaak nie, maar dat dade wat uit die hart kom trippel so veel meer belangrik is!!!

Hoe doen 'n mens alles tot eer van God? Waar moet ek die lyn trek met persoonlike tyd en tyd met gemeentelede, hulpbehoewendes, ens? Dis so moeilik om elke dag te dink wat God van 'n mens verwag! Wat is vir my die gemaklikste uitweg? - so redeneer ons meestal. Jeugvereniging en ander kerklike byeenkomste word soms so vinnig afgekraak en as 'n tydmors beskou. Is ons nie dan selfsugtig besig nie? Dink ons dan nie dat ons persoonlik niks uit 'n bespreking of samekoms put nie - dink aan jou medegelowige wat jou miskien op daardie oomblik brandnodig het! Ons hart is meestal op 'n ander plek met ander begeertes.

Dis ook belangrik om die geloof ons eie te maak en vriendskappe op te bou wat God eer en so God die middelpunt en hoeksteen van ons bestaan te maak! Sodat ons saam kan groei en mekaar kan ondersteun, daaglikse dinge kan deel en liefde kan uitstraal. Dis tog waarvoor ons mekaar het?

Psalm 141:3-4

Here stel 'n wag voor my mond, bewaar die deur van my lippe. Neig my hart nie tot iets wat sleg is, om in goddeloosheid dinge te doen saam met manne wat ongeregtigheid werk nie; en laat my van lekkernye nie eet nie.

KONGRES 19 - 23 DES

Nog iets

Augustinus: Kerkvader, Filosoof

Jaco Haak

Na 'n mens Plato en Aristoteles se filosofie deur gewerk het kom Augustinus soos 'n vars briesie aangewaai. Meeste van julle het seker al vaagweg van hom verneem. In kerkgeskiedenis word hy kortliks bespreek. Hy het mos Pelagius se dwalinge bestry. Tog was hy veel meer as dit.

Augustinus se lewe (354 – 430 NC) het gestrek oor 'n interessante periode. Die klassieke era was besig om tot 'n einde te kom met die stelselmatige val van die Romeinse Ryk en die Middeleeue was besig om aan te breek. Christendom was besig om vinnig te groei.

Hy was 'n Afrikaan afkomstig uit Algerië. Hy was Latyn magtig en het vir studies gereis na die intellektuele ryk stede van Rome en later Milaan waar hy benoem was tot dosent in welsprekendheid. In sy goddelose jeug het hy sy gelowige moeder baie sorge gegee. Haar grootste wens was dat haar man en seun tot geloof sou kom. Op 'n geskiedkundige dag het Augustinus 'n kerkdiens bygewoon van die alombekende Ambrosius, wat ook terselfdertyd stadhouer van Milaan was, omdat Ambrosius bekend was vir sy welsprekendheid. Tydens hierdie diens het hy meer gekry as wat hy verwag het aangesien die preke hom tot geloof sou bring.

Hy het kort daarna iemand hoor vertel van die geloof en die lewe van kluisenaars in Egipte. Diep ontroerd het hy uitgeroep: "Eenvoudiges staan op en gryp na die koninkryk van die hemele en ons met al ons wetenskap bly agter en wentel ons in sinlike lus." Hy loop toe die tuin in en werp hom wenende onder 'n boom neer, terwyl hy sy siel voor die Here uitstort. Hy het die Bybel oopgeslaan en in Rom. 13: 13,14 gelees: "Laat ons welvoeglik wandel soos in die dag, nie in brassery en dronkenskap, nie in ontug en ongebondenheid, nie in twis en nydigheid nie. Maar beklee julle met die Here Jesus Christus en maak geen voorsorg vir die vlees om sy begeerlikhede te bevredig nie." Hy het hom kort hierna laat doop.

Dit het 'n nuwe tydperk ingelui in sy lewe en het hy saam met sy vreugdevolle moeder teruggekeer na Algerië en hom vir 'n tyd lank verdiep in 'teologie', oftewel studie. Sy filosofiese werke was eintlik meer 'n poging om gelowiges te help in die kwessies wat hom voorgedoen het binne die kerk wat so gou gegroei en versprei het. Sy werke word beskryf as Platonies (van Plato) wat versoen en aangepas word by die Woord. Sy geskrifte is talryk en het baie betekenis gehad vir die latere Kerkgeskiedenis. Selfs Calvyn en Luther het na hom teruggegryp. Buiten die bestryding van Pelagius het hy leerstukke oor sonde en genade duidelik uiteengesit, waar hy ervaring mee gehad het. Ook was hy die eerste verdediger van die uitverkiesing. Sy vernaamste werke was sy "Belydenisse", waarin hy openhartig vertel van sy sondige lewe, en "Die stad van God", waarin hy sy beskouinge oor die kerk uiteensit.

Vir Augustinus was die hoogste vlak van kennis, die ken van God. Een van sy bekende filosofiese uitsprake was: "I do not know in order to believe; I believe in order to know."

Sy filosofie is interessant om te lees. God was sy uitgangspunt en die Woord sy fondasie. Dit is werklik bemoedigend om te lees van so 'n figuur uit die geskiedenis. In 'n tyd van vele leringe, dwalinge en aanvalle het hy sy oë op God gerig gehou en daaruit Sy koninkryk hier op aarde gebou. 'n Mens kan baie uit sy lewensverhaal (en geskrifte, gedagtes, filosofieë) leer. Die hoofsaak meen ek is dat hy in alles God sentraal geplaas het. Sy hele lewe was gelewe ter ere

KONGRES 19 - 23 DES

van God. En dit is vir ewig relevant. Lees gerus nog verder oor Augustinus en ander kerkvaders van die geskiedenis. Ek weet dat ek gaan!

Bronne:
Prof. Dr. S Du Toit, *Handleiding vir die studie van die Kerkgeskiedenis*. Potchefstroom, 1970.
Dr. M Ally, Dr. MSS Tsie, *Introduction to Western Philosophy*. UNISA, 2004.

Voetspore

Hallo gebroeders en susters

Aangesien my inspirasievlak verskriklik laag is, gaan ek maar begin om vir almal 'n simpel ou grappie te vertel:
"'n Man sit in die trein en skil 'n lemoen af. Toe hy klaar is, haal hy peper uit sy sak en strooi dit op sy lemoen. Daarna gooi hy die lemoen uit die venster. 'n Toevallige toekyker vra aan die man: 'hoekom doen jy dit?', waarop die man antwoord: 'ek hou nie van lemoene met peper op nie.'" (uit Donald Duck's Moppentrommel 1988 nr 17 - Een vrolijk weekblad).

Iets soortgelyks het gebeur met die matrieks. Hulle het naamlik toe die klok lente aangedui het (lang armpie op 12, kort armpie op 10 en klein spasie waarin die datum aangedui word, vermeld die maand September), matriekafskeid gehad. Wat 'n alomteenwoordige opgewondenheid, want dit beteken nie net dat daar lente is nie, maar ook dat die rekordeksamen verby is. Dis altyd lekker om dit te weet, veral omdat daar steeds die besef is dat daar oor twee weke nog 'n nuwe eksamen begin.

'n Selektiewe groepie jeuglede het onlangs tot twee maal toe die mekka van die aartappelindustrie, Bethal, gaan besoek. Eerstens was daar 'n tipe kamp, wat sommer 'n open party was, en nog nie 'n paar weke later nie, en viola, daar gaan 'n groep op 'n Sondag weer na die land van Van der Plank piepers. Die terugvoer wat verkry is, is dat albei events 'n tyd van fun and laughs was. You cannot put a price on comedy, so sê die Brentmeister General, en na ek verneem het, is daar 'n paar goeie grapjes (in die lyn van die killer-joke hierbo) vertel, deur onder andere dominee Nel.

Hierdie grappies sirkuleer nou by koffiedrinke en braaie, deur onder andere Linda. Die oorspronklike eienaar word gevra om dit weer te kom haal.

Daar word verneem dat die Studente Vereniging uiteindelik weer bietjie lewe gekry het, nadat die koning, Rinus, ons verlaat het. 'n Uitstappie word beplan vir die 14de Oktober, en dit beloof om baie interessant te word. Onthou natuurlik wel om jou pas saam te vat, want anders mag mens d'r niet in. Skoenpolish kan ook werk. Of 'n mens betaal gewoon. Sewentien rand vir studente en dertig rand vir werkende mense.

Vir die mense wat binnekort beplan om my (of natuurlik die beste manier: die redaktrise) te skakel (of 'n ander gunsteling: anonieme notas) en te sê: "effe serieus", ons gaan natuurlik ook nog goed aan met vereniging op Dinsdagaande. Op die oomblik word Titus bespreek, maar gesien die lengte van hierdie Bybelboek, is dit volgende week weer iets anders. 'n Paar statistieke: Die bywoning is goed, met 'n 76.22223 % bywonings-gemiddelde, wat soos die oplettende lesers al verstaan het, 'n onderskeiding is op tersiêre vlak. Die gemiddelde lengte van inleidings is die gemiddelde lengte van MJ Booyens se *Ons Glo en Bely* of PJ Groenewald se *Handboek by die Nuwe Testament* afdelings wat oor dieselfde stuk handel. Die taalgebruik vertoon ook dikwels opvallende ooreenkomste.

Ek hou u op die hoogte, en in die duister
Gegroet
Voetspoor

KONGRES 19 - 23 DES

Deur die sleutelgat

Geagte leser,

Die deur is pas gesluit agter jou. Jy het die hede betree en is al vasgevang in die daaglikse gewerskaf. Tog huiwer jy vandag, jy is van nature nostalgies en dit is altyd asof die geskiedenis al jou beste tye bevat. Ook nie vreemd nie, aangesien jou geheue die herinneringe soos oases in die woestyn van jou lewensjare bewaar en opblaas tot legendes want die fyner besonderhede ontbreek, maar jy hou vol dit was die beste. Jy draai om, vee die spinnerakke weg voor die sleutelgat en loer met verwagting weer daardeur.

Daar was vir eens weer bietjie lewe in die jeug na hul hibernasie periode. Lente was oppad en die ledemate moes weer geoefen word. Broeder Fanus Louw was besig met die vrywillige restourasie van Huis Bauwke wat deel vorm van die Stikland Gesondheidskompleks. Sjirk het, as sy adjudant, die jeug gemobiliseer. Die staatsinstansie lei onder 'n lang tekort aan fondse en die opknappingswerk was hoog nodig. Die lang termyn projek gaan stelselmatig die gebou opknap. Daar word ook mooi gevra dat meer mense van die jeug betrokke raak aangesien almal soos jy gaan dink dat iemand anders dit wel kan doen en dan moet dieselfde paar mense altyd die werk doen. Vele hande maak ligte werk. Dankie vir die wat daar al gehelp het om vloere op te kap en mure te verf!

Die Swakste Skakel was volgende op die agenda. Die opwinding was hoog en die skares het toegesak op die kerk. Toe die koster later ook opdaag moes ons ingryp en die deure sluit. Die doel was om die kaf van die koring te skei onder die **jeug**. Fiona (die aanbieder) was toe niemand anders as nimlike Albert Drijfhout nie. Hy het sy rol so goed vertolk dat sekere deelnemers geswig het onder sy ongenaakbare blik en kortaf kommentaar. So veel so, dat meeste die paar maklike vrae ook verkeerd gekry het. McDonalds is nou blykbaar die winkelsentrum oorkant Tygervallei. Die primêre kleure is nou rooi, groen, blou... en pers en pienk en geel. Verbasend was die kennis van die jeug. Daar was bietjie gemurmureer toe die eerste lot swak skakels nie 'n tweede kans gegun was nie. Fiona het geen genade getoon nie. Die kompromie was dat die wat uitgeval het ook mog stem en dit het die intrige verdubbel. Die familie- en liefdesbande was ook beproef. Die sterkste skakel, Jaco, moes kies tussen sy niggie Annamarie en sy broer Adriaan. Adriaan moes toe op die harde manier uitvind dat bloed nie noodwendig dikker as water is nie. Hy het gevolglik elke rondte dieselfde stem uitgebring naamlik: Jaco. Daar was ook volgens Annamarie 'n muitery onder die toeskouers toe sy vir sowat drie rondtes 'n rits stemme teen haar gekry het. Dat Wietske en Corlia vir haar die mes in gehad het was duidelik. Johan Bijker kon die sterkste opposisie afskud maar wou nie die keuse maak nie aangesien sy wederhelfte, Elise, die een keuse was en hy nie bevooroordeeld wou wees nie. Dit het ook gevolglik sy ondergang bewerkstellig. Die eerste twee swakste skakels moes dit uitveg vir die swakste skakel. Bernard en Righard het gesweet en hul breinselle ooreis maar uiteindelik moes iemand met die titel weg stap en Bernard was die ongelukkige. Tog weet hy wel dat Willowbridge die winkelsentrum oorkant Tygervallei is en is daar enige twyfel daaroor of ons nou wel werklik die swakste skakel gekroon het...

Koffiedrink by Fijma was plesierig. Freddie het met "pick-up sticks" na 'n voordelige val van die stokkies gou 'n weghol oorwinning behaal alhoewel Albert Drijfhout hard teruggeveg het met 'n paar waaghalsige toertjies wat sy behendigheid met Fisika weereens onderstreep het. Met Uno het Anja ook baie insig getoon, in ander spelers se kaarte, dit is!

Nog 'n koffiedrink was die by Helene. Die stemming was vrolik. Matriekafskeid was in die lug. En koeksisters en jellybabies was in die maag van die dames. Ironies, aangesien die

KONGRES 19 - 23 DES

spanning juis gaan oor kilo's verloor om in die prag jurke in te pas. Maria kon nie uitgepraat raak oor Josef nie. Christiaan was stil; en met rede. Terwyl almal groot verhale vertel is hy die onbetwisbare legende in die dans arena die jaar. Die vrouens staan tou om hom as Matriekafskeid gesel te verkry. In die twee waar hy alreeds betrokke is sal hy sy arsenaal ten toon stel. *Two Step*, *Tango*, *Foxtrot* en 'n paar Suid Amerikaanse *Swing* variante sal die res soos amateurs sal laat lyk. Gedurigdeur was die uiters bekwame gasvroue, Helene en Marlize, besig om almal se honger te stil met besonderse lekker happies. In die agtergrond het Jan se Falsetto in die D-mineur op die klavier die ore gestreel. Dankie hoor Helene!

Laastens was Carike vir die laaste keer in die Johan Vos kompetisie vir skoliere se finale rondte. Sy het onder die top 5 geëindig. Dat sy die prestasie nou al 'n paar jaar agtereenvolgend vermag onderstreep haar onbetwisbare posisie as pianis by uitstek onder die jeug. Haar ondersteuners was weer daar en het met ongeloof aangehoor dat sy nie met die titel weg geloop het nie. Welgedaan hoor!

Fluit, fluit my storie is uit. Tot wedersiens!

BIBLE PUZZLES

"Letterfall"

Om op te los, pas die letters in elke vertikale kolom in die blokkies direk daaronder om woorde (wat van links na regs gelees word) te vorm. Die letters word nie noodwendig in die korrekte volgorde gegee nie. Elke letter word net 1 keer gebruik. 'n Swart blokkie toon die einde van 'n woord aan. Woorde kan van een reel na die volgende oorgaan. Wanneer al die letters in die regte blokkies geplaas is behoort dit 'n Bybelvers uit die Afrikaanse 1953 (Ou) Vertaling te vorm. (Leestekens is verwyder)

R	Y	I	T	G	H	N	L	W	D	F	H	A	T	L	G	D	L	D	V	F	H	V	T	R	K	O	M	F	E	E
N	I	N	E	O	O	O	O	E	A	I	T	G	I	S	N	I	A	I	E	A	E	E	I	E	K	R	E	I	T	
W	N	E	D		E	Y	K	I	G	T	V	E	E		D	E	L	N		N	I	E	E	N	N	E	Y	S	S	
	A	K			M				E				N				E			T	N				G		W			
			■	■		■	■				■					■								■				■	■	■
			■							■				■					■				■			■				■
						■								■				■					■								
■				■				■				■			■				■											■

(antwoord in volgende Olielamp uitgawe)

Antwoorde van vorige uitgawe:

Letterfall

1 Kor. 13:13

En nou bly geloof, hoop, liefde—hierdie drie; maar die grootste hiervan is die liefde.

Do you know me?

#7 'n skuit

#8 liefde

KONGRES 19 - 23 DES

It depends on what is important to you

Two friends were walking near Times Square in Manhattan. It was during the noon lunch hour and the streets were filled with people. Cars were honking their horns, taxicabs were squealing around corners, sirens were wailing, and the sounds of the city were almost deafening. Suddenly, one of them said, "What an interesting place to hear a cricket."

His friend said, "What? You must be crazy. You couldn't possibly hear a cricket in all of this noise!"

"No, I'm sure of it," his friend said, "I heard a cricket." "That's crazy," said his friend. The man, who thought he had heard a cricket, listened carefully for a moment, and then walked across the street to a big cement planter where some shrubs were growing. He looked into the bushes, beneath the branches, and sure enough, he located a small cricket.

His friend was utterly amazed. "That's incredible," said his friend. "You must have superhuman ears!"

"No," said the man who heard the cricket. "My ears are no different from yours. It all depends on what you're listening for." "But that can't be!" said the friend. "I could never hear a cricket in this noise."

"Yes, it's true," came the reply. "It depends on what is really important to you. Here, let me show you." He reached into his pocket, pulled out a few coins, and discreetly dropped them on the sidewalk. And then, with the noise of the crowded street still blaring in their ears, they noticed every head within twenty feet turn and look to see if the money that tinkled on the pavement was theirs.

"See what I mean?" asked the man who heard the cricket. "It all depends on what's important to you."

Verjaarsdae

Bethal

Marizelle Bisset	8-Oct
Le Roï Nienaber	30-Oct

Johannesburg

Theo Boessenkool	13-Oct
Teunis Eefting	29-Oct

Kaapstad

Jan Geerts	12-Oct
Annamarie Eefting	13-Oct
Marinus Boon	15-Oct
Clarisse du Plessis	17-Oct
Adrian v/d Berg	24-Oct

Maranata

Janneke v/d Hout	14-Oct
Johan de Vente	16-Oct
Hendriët Pouwels	25-Oct

Pretoria

Adriaan Aartsma	5-Oct
Rinus Kamphuis	5-Oct
Erik Bosker	9-Oct
Celeste Boessenkool	11-Oct
Ronald Kamphuis	27-Oct
Roelof Middeljans	27-Oct
Arjan Bijker	28-Oct

KONGRES 19 - 23 DES